

Skriflesing: Eksodus 3Teks: **Eksodus 3:5 (By nabetrugting Eksodus 3:10-11)**Sing: **VOORAF SANG- Ps. 48:1,4****TYDENS EREDIENS - Ps. 105:1,3; Ps. 1:1; Ps. 68:5,6; Ps. 23:3; Ps. 116 ... ; Ps. 68:9****Eksodus 3****Exo 3:1** Moses het die kleinvee van sy skoonpa Jetro, 'n priester van Midian, opgepas. Hy het die kleinvee diep die woestyn in gejaag totdat hy by Horeb, die berg van God, gekom het.**Exo 3:2** Toe verskyn die Engel van die Here aan hom in 'n vlam binne-in 'n doringbos. Terwyl hy kyk, sien hy dat die doringbos aanhou brand, maar nie uitbrand nie.**Exo 3:3** En Moses sê vir homself: "Ek wil tog 'n bietjie nader gaan om hierdie wonderlike verskynsel te bekyk. Waarom brand die doringbos dan nie uit nie?"**Exo 3:4** Toe die Here sien dat hy nader kom om te kyk, roep God na hom uit die doringbos: "Moses! Moses!" En hy antwoord: "Hier is ek."**Exo 3:5** Die Here sê toe vir hom: "Moenie nóg nader kom nie. Trek uit jou skoene, want die plek waarop jy staan, is gewyde grond."**Exo 3:6** Verder sê Hy: "Ek is die God van jou voorvaders, die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob." **Toe maak Moses sy gesig toe, want hy was bang om na God te kyk.****Exo 3:7** Daarna sê die Here: "Ek het die ellende van my volk in Egipte duidelik gesien en hulle noodkrete oor die slawedrywers gehoor. Ek het hulle lyding ter harte geneem.**Exo 3:8** Daarom het Ek afgekom om hulle uit die mag van Egipte te bevry en om hulle daarvandaan te laat trek na 'n goeie en uitgestrekte land, 'n land wat oorloop van melk en heuning. Dit is die land van die Kanaäniete, Hetiete, Amoriëte, Feresiete, Hewiete en Jebusiete.**Exo 3:9** Die noodkrete van die Israëliëte het My bereik, en Ek het ook aanskou hoe Egipte hulle verdruk.**Skriflesing:** Eksodus 3Teks: **Eksodus 3:5 (By nabetrugting Eksodus 3:10-11)**Sing: **VOORAF SANG- Ps. 48:1,4****TYDENS EREDIENS - Ps. 105:1,3; Ps. 1:1; Ps. 68:5,6; Ps. 23:3; Ps. 116 ... ; Ps. 68:9**

Om die Eksodus-pad te loop is beslis ook iets van 'n Nagmaal-pad, broeder en suster. As ons tot hierdie tafel nader staan ons op heilige grond, gewyde grond. Die brandende vuur in die bos, ja die brandende bos dra iets van 'n voorlopige heilige Nagmaal strekking wat nie geringgeskat mag word nie.

Die Eksodus-kerk in Israel ly al vir langer as 400 jaar. Dit is vir hulle asof God van hulle weggegaan het. Dis net swaarkry op swaarkry. Hulle is 'n volk in slawerny, wat ten barste toe stene moet maak maar wat hulle eie seuntjies nie kan beskerm nie. 'n Volk wat 'n vraag na sy eie toekoms ernstig sou kon afvra. Ons in Suid-Afrika vandag is ook in 'n land waar baie vrae oor die toekoms van ons land ernstig afgevra en ingewag word. Israel word 'n volk wat die vrouens hulle sterkste steunpilare geword het want waar God deur 'n vrou werk, werk Hy nou maar eenmaal net anders. Ons dink aan die twee vroedvroue Sifra en Pua, ons dink aan Faraó se dogter en haar diensmeisies, ons dink aan Moses se ma se reddingsplan en sy sussie Miriam se versorgingsplan. Dit is asof Eksodus ons vanoggend by hierdie tafel by diep vrae maar ook ingrypende vrae uitbring. Seuntjies word doodgemaak, dogtertjies kan maar bly lewe. Die

swakkeres word die sterkeres op tye wat ons niks daaraan kan doen nie. Na die baba Moses, 'n jongman Moses geword het, het hy gedink 'n volbloed nasionalis te wees, 'n sterke man. Hy slaan 'n Egiptenaar dood omdat daar met 'n Israeliet gemors was. Die sterke man sal die volgende dag uitvind sy eie volksgenote dink nie aan hom as 'n kampvegter vir volksregte nie, maar as die moordenaar en die individu wat eintlik nie weet waar hy inpas nie.

Moses kan dit dalk regkry om vir andere dinge makliker te maak (dit was sekerlik sy bedoeling toe hy die Egiptenaar doodgemaak het?), maar niks word vir homself makliker gemaak nie. Intendeel hy word die man van een van die priester se dogters, Sippora, die pa gee graag sy dogter aan die man wat die ander 'n Egiptenaar genoem het, maar wat Moses nie wil wees nie. Hulle eerste seuntjie wys op die “wie-vraag”- wie is ek nou eintlik?! Hulle eerste seuntjie, wat vir lank 'n onbesnede kind sou bly, kry wel die naam *Gersom*, want voel Moses hom in die vreemde land, tussen vreemde mense, by 'n vreemde vrou geslaap maar sy is tog sy vrou. Die ma kry hulle kind se naam nie verander nie, want dit sê maar net hoe Moses steeds homself eien- *Ek het 'n vreemdeling in 'n vreemde land geword* (vgl. Eks 2:22). Die Moses van Eksodus 2 is dieselfde Moses van Eksodus 3. Die vreemdeling in 'n vreemde land ...

Die vraag wat vanoggend baie vroeg in die preek gevra moet word, ja wat vóór Nagmaal gevra word – Die vraag kan ek weet wie ek is, as ek nog nie vir myself mooi uitgemaak het Wie God is nie. Is dit nie waarmee God in Eksodus 3 besig was nie en waarmee God die grootste deel van sy Woord mee besig is nie. Dat ons kan kom by Wie Hy waarlik is! Dit wil tog voorkom, die God wat lyk Hy het Israel verlaat, vir langer as 400 jaar het hulle maar in Egipte moes aangaan. Eks 1 en 2 wys aan ons hoe sleg dit met Israel in Egipte gegaan het!

Die God wat Moses 40 jaar hier in die woestynland, tussen die vreemdes en die heidene laat bly, agter skape laat aanloop, wat dit lyk daar gaan hy maar eendag sterwe. Dis nie eers sy skape nie, dit staan so pertinent ... *Moses het die kleinvee van sy skoonpa Jetro, 'n priester van Midian, opgepas....* Dit was sy lewe, dag in en dag uit, tot die dag van Eksodus 3. Die dag wat Moses se denke oor God wat na die mens afkom en by ons betrokke is, al dink ons dit nie, al verwag ons dit nie, heeltemal moes verander. Die God wat na ons afkom is by Nagmaal ook geen geringe gedagte nie!

Die brandende doringbos in vuur gehul, slaan in sy vlamme die Engelfiguur duidelik daarbinne uit, maar ons mag daardie Engel in die vuur en in die bos Christus noem. Ons vier rondom hierdie figuur Nagmaal wat nie maar net figuurlik hier is nie, maar Hy is deur sy Gees en Woord ook by hierdie Nagmaal. Hy maak die grond waarop ons staan heilige grond as ons Nagmaal vier. Moses word deur die Heilige Gees tot wetenskaplike aankyk en bekyk aangespoor - *Ek wil tog 'n bietjie nader gaan om hierdie wonderlike verskynsel te bekyk. Waarom brand die doringbos dan nie uit nie?"*

Die mens wil deur al die eeue nog altyd antwoorde hê, slim mense noem dit wetenskaplike antwoorde ... Hoe kan 'n bos brand maar nie verbrand nie, hoekom word die bosse langsaan nie aan die brand gestee nie. Wat gaan hier aan? Wetenskaplike nuuskierigheid kan in die hande van die Heilige Gees nooit sleg genoem word nie. Die Here gebruik dit as bate: vers 4 ... *Toe die Here sien dat hy nader kom om te kyk, roep God na hom uit die doringbos: "Moses! Moses!"*

Die wetenskap moet in die lig van die vuur nou maar terugstaan, as't ware terug-brand. Roeping sal nooit wetenskaplik verklaar kan word waar God in Christus sy stem en vuur tegelyk aanbied nie. Die Woord, God se stem, ja Christus en die Heilige Gees is die werklike vuur in daardie bos. Hy is die God van die verbond, Hy noem Homself die God van Abraham Isak en Jakob dié God wat naby die mens wil wees, maar kyk eers of jy reg is om naby Hom te kom. Is ek werklik reg, is ek gereed om by vandag se Nagmaal so naby die heilige God te mag kom.

Kyk na jou voete, maak kaal jou voete want jou lewe is kaal. Daar is niks wat jy jou mee kan bedek as jy werklik God wil aansien nie. Jou kaalvoete moet al teken wees van hoe kaal jou lewe is, toe daar by iets van 'n bos, nee by 'n wonderlike vrugteboom gesondig is. Toe die mens ontdek het, nou is ek kaal. Voete wat die grond kaal moet ontmoet, ja die grondkwessie moet kaalvoet aangespreek word, want die grond waarop jy staan is God se grond, dis heilige grond. Ook vandag se Nagmaal-grond is heilige grond! Die grond-vraag, die grond-debat, die saak van onteining van grond, die kerk mag daar nie stilbly nie. Ons werk en boer op God se grond.

Maak jou voete oop en jou gesig toe, dis wat Moses moes doen. Dis ook wat ons by Nagmaal moet doen. Maak jou voete oop en bedek jou gesig waarin jy jouself sien. Vergeet jouself en sien Christus raak. Ek kan Hom met oop voete en 'n bedekte gesig tog binne die tekens van brood en wyn sien, tussen die bos en die vuur is Hy! Wees altyd versigtig waarna jy kyk, ook hoe jou voete trap, want die lewe van heilig lewe is 'n lewe wat vra na antwoorde maar ook gehul in versigtigheid. Dis die gesindheid wat by Nagmaal moet wees ...

Wees versigtig hoe jy tot God nader, ook as jy met God praat. Ook by vandag se Nagmaal. Na God met die oë wat jou en my oë is, kan daar nie reguit na God gekyk word nie. Jou oop voete en bedekte gesig moet vir jou teken wees, hoe versigtig moet ek en jy met jou mond en jou woorde mee omgaan. Grond en vuur en lewe is nie maar net die bymekaarbring van 'n groot verskynsel nie, want 'n groot verskynsel is die brandende doringbos inderdaad. Maar grond en vuur en lewe is eintlik die bymekaarbring ook van 'n tafel, met onderlinge meeleeft in God se brood en die beker uit God se hand. Die tafel tekenend van God se verbond, die brood tekenend van Christus se liggaam, die wyn tekenend van Christus se bloed in sy beker saamgevoeg. Inderdaad mag dit word my beker loop oor ...

Die groot verskynsel van die doringbos het dus verdwyn, so het Jesus ook uit die midde van sy Kerk vertrek en na die hemel opgevaar. Die mense het nog gestaan en kyk hoe 'n wolk Hom wegneem. Vandag se Nagmaal gaan ook weer verbygaan. Dan sal ons as dit die Here se wil is eers weer in 2023 Nagmaal vier. Die Nagmaal gaan verby, maar die kerk bly agter. Hoe dikwels bly die kerk in doodstryd agter. Daar is nog nooit aan die Kerk gesê, daar sal welvaart en voorspoed en alles wat maklik is nou op julle pad kom nie. Niks hiervan nie, intendeel, die ware Kerk se stryd is in die Eksodus-kerk so duidelik afgeteken. Vir Moses het God gesê - Gaan dan heen dat Ek jou na Farao kan stuur en lei my volk ... uit Egipte uit ... Ek sal met jou wees.

Is dit bekende woorde broeder en suster, ja dit moet wees?! Net vóór Christus se hemelvaart *Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies ... en leer hulle om alles te onderhou ... wat Ek jou beveel het* (Matt. 28:19). Hiermee saam het Christus beloof EK IS met julle al die dae, selfs al is Hy na sy mensheid nie meer by ons nie. Israel sou God nie in hulle midde kon sien nie, nie meer aan Hom kon vat soos daar aan Christus gevat kon word nie, maar beteken dit dat as ek

Hom nie sien nie, nie aan Hom kan vat nie, dat Hy nie hier is nie. Geliefdes, alles behalwe want die Woord wat Moses na die Farao teruggestuur het, is die Woord wat jou die wêreld instuur. Gaan maak die mense my dissipels.

Dis met hierdie verdere opdrag, ja meer spesifiek hierdie roeping aan Moses waarmee ons vandag Nabetrugting gaan hou. Nou eers wag die bos en die vuur, die brood en die beker, waar ons voete oop kan wees en met bedekte gesig sien my oë wat gewone oë nie kan sien nie.

AMEN

Nabetrugting

Eksodus 3: 10 -22

Exo 3:10 Daarom stuur Ek jou na die farao toe sodat jy my volk, die Israëliete, uit Egipte kan bevry."

Exo 3:11 Toe sê Moses vir God: "Wie is ék dat ek dit by die farao sou waag en dat ék die Israëliete uit Egipte sou bevry?"

Exo 3:12 God het Moses geantwoord: "Ek sal by jou wees en die bewys dat Ek jou gestuur het, sal dit wees: wanneer jy die volk uit Egipte bevry het, sal julle My by hierdie berg aanbid."

Exo 3:13 Daarna sê Moses vir God: "Sê nou maar ek kom by die Israëliete en ek sê vir hulle: 'Die God van julle voorvaders het my na julle toe gestuur,' en hulle vra vir my: 'Wat is sy Naam?' wat moet ek dan vir hulle sê?"

Exo 3:14 Toe sê God vir Moses: "Ek is wat Ek is. Jy moet vir die Israëliete sê: 'Ek is' het my na julle toe gestuur."

Exo 3:15 Verder sê God vir Moses: "Jy moet ook nog vir die Israëliete sê: 'Die Here die God van julle voorvaders, die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob, het my na julle toe gestuur.' Dit is ewig my Naam, dit is die Naam waarmee Ek aangeroop moet word van geslag tot geslag.

Exo 3:16 Gaan roep nou die leiers van Israel bymekaar en sê vir hulle: 'Die Here die God van julle voorvaders, die God van Abraham, Isak en Jakob, het aan my verskyn en gesê: Ek weet van julle en Ek weet ook wat julle aangedoen word in Egipte.

Exo 3:17 Ek het besluit om julle te laat wegtrek uit die ellende van Egipte na die land van die Kanaäniete, Hetiete, Amoriëte, Feresiete, Hewiete en Jebusiete, na 'n land wat oorloop van melk en heuning.'

Exo 3:18 Die leiers van Israel sal na jou luister, en dan moet jy en hulle na die Egiptiese koning toe gaan en vir hom sê: 'Die Here die God van die Hebreërs het Hom aan ons geopenbaar. Laat ons asseblief drie dagreise ver die woestyn in trek om vir ons God, die Here, 'n offer te bring.'

Exo 3:19 Ek weet dat die Egiptiese koning julle nie sal laat gaan nie, selfs nie onder dwang nie.

Exo 3:20 Dan sal Ek my hand uitsteek en Egipte teister met die wonderdade wat Ek in hom sal doen. Eers daarna sal die farao julle laat gaan.

Exo 3:21 Ek sal ook sorg dat die Egiptenaars goed doen aan hierdie volk van My, sodat, as julle uiteindelik wegtrek, julle nie met leë hande sal gaan nie.

Exo 3:22 Elke vrou moet van haar buurvrou of in die huis waar sy werk, silwer- en goue goed sowel as klere eis. Laat julle seuns en dogters dit dan as buit uit Egipte uit wegdra."

Geliefde broeder en suster, God se opdrag aan Moses en die opdrag wat Jesus by sy hemelvaart gegee het, kan nie van mekaar geskei word nie. God sê aan Moses - ons teksverse by nabetrugting- *Ek stuur jou na die farao toe sodat jy my volk, die Israëliete, uit Egipte kan bevry.* Jesus se opdrag is baie duidelik- *Gaan maak die mense, my dissipels ...* (vgl. Matt. 28:19).

Ons het vandag die heilige Nagmaal gevier. Ons moet nou weer hierdie lewe daarbuite ingaan en die jaar 2022 uitgaan met die besef ons was nie net op heilige grond nie, ons het nog altyd te make met 'n heilige roeping. Waar staan ek, wat maak ek as God my roep en as God my stuur. Ons roeping in 2023 gaan nie verander nie. Roeping is 'n saak wat aanhou en aanhou. By ons staan die vraag wat is steeds my roeping ná vandag se Nagmaal? Het ek ook maar baie verskonings. Verskonings was by Moses baie. God het ten minste dertien keer in die hoofstuk Moses direk geantwoord. Ook in Moses se verskonings. Ons sal dit moet probeer orden. Dit wil my lyk Moses het op die minste vyf verskonings gehad. Party eksegete eken dat hier selfs soveel soos agt verskoning was. Kom ons hou ons by die 5 wat duidelik is!

Ek is onwaardig (verskoning 1), Israel sal groter duidelikheid oor U moet hê (verskoning 2), die volk kan twyfel of U God is wat aan my verskyn het (verskoning 3), ek hakkell, ek praat moeilik (verskoning 4), kan daar nie eerder iemand anders gestuur word nie, want ek weier (verskoning 5). Dis verskoning op verskoning. Dit terwyl die heilige God al gewys het dat die grond waarop jy staan is heilig, hoe heilig is die roeping waarmee God hom geroep het. Dieselfde God wat ons ook roep in wat ons in sy koninkryk moet doen.

God se aktiewe roeping vereis dat ons nie passief daarop mag reageer nie. Tog het God so baie geduld met ons as mense. Watter genade dat God met ons steeds soveel geduld kan hê. As Moses so onwaardig voel, met die vraag *wie is ek...* dan antwoord God hom Ek sal met jou wees. As Moses sê dat hy het nie genoeg inligting oor God nie, dan sê God jy sal my leer ken in Wie Ek is. Dit alles is ingesluit in dié *Ek is wat Ek is* – antwoord van God. As Moses sê die volk sal my nie glo nie, die volk sal na my nie luister nie, dan sê God- Ek sal jou van tekens voorsien dat hulle jou wel sal glo. As Moses sê ek hakkell te veel, dan sê God Ek sal met jou mond wees. As Moses sê stuur tog eerder iemand anders, of stuur iemand saam met my, dan voorsien God ook daarin. God sal met Moses se mond wees en God sal Aäron met hom saamstuur.

Daar is nog so baie wat oor God se roeping en genade gesê kan word. Ons sluit af met die besef die grond waarop ons Nagmaal kon vier vandag is heilige grond. Wat kan meer heilig wees as dit wat Christus vir ons gedoen het?! Ons het vandag erken ek kan myself nie waarlik ken as ek

nie vir God ken nie. Dit wat Moses vir baie lank sy lewe lank gevoel het, ek is 'n vreemde man in 'n vreemde land. As God Homself bekend maak terwyl Moses vra na Wie moet ek sê het my gestuur? Die EK IS WAT EK IS word dan duidelik Wie God is. WIE DIE EK IS! Hy is die God wat Moses na sy volk stuur, maar God gaan met hom saam. Die belofte wat God maak is dat daar verlossing sal wees en die verlossing sal enduit gevoer word. Dit is 'n belofte gewortel in die belofte wat al aan Abraham, Isak en Jakob gemaak was. Onthou God werk altyd met twee dinge tegelyk. Hy sien en hoor die nood van sy kinders en Hy dink altyd aan sy verbond. Die twee dinge loop vir God hand aan hand. As God verlos dan verlos Hy ook op twee maniere. Dis 'n verlossing *waaruit* en 'n verlossing *waartoe*. Hy verlos hulle uit Egipte, maar daar gaan 'n verlossing *waartoe* wees. Die *waartoe* gaan word 'n land van melk en heuning.

As u op die wyse God mag leer ken dan weet u as God u roep, moet nie passief en met verskonings daarop wil reageer nie. Dit gaan niemand nêrens bring nie, beslis nie by wat genoem mag word die land van melk en heuning. Christus is die Een wat die melk en heuning begrond, nie met die grond van 'n aardse land nie, maar met die mag van 'n hemelse heerlijkheid. Maar vóór dit ... mag u vir God beter wil leer ken om in die lewe wat wag uself ook in die proses beter te leer ken. Niemand kan as verlose homself/haarself ken as ons nie vir Christus ken nie.

AMEN